DEEL 114 | WEEK 12 | 25 MAART 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# VROU OORWELDIG DEUR ROOK IN VLAMME






Die vinnige optrede van boere en bure kon nie keer dat Lena Rautenbach Woensdagaand in haar huis doodbrand nie. Sy is vermoedelik deur die rook en hitte van vlamme oorweldig.
Om 19:44 op 23 Maart het bure alarm gemaak deur Heilbron Beheerkamer te kontak en meegedeel dat die huis van Plot 6, Vegkop in vlamme gehul is en dat hulp vir die vuur dringend benodig word.

Met die aankoms van Heilbron se Brandweerhoof, was daar reeds talle boere besig om hulp te verleen met vuurvegters. Naburige Frankfort Brandweerdienste is ook gekontak en het na sowat een uur by die toneel opgedaag. Heilbron beskik nie meer oor 'n brandweerwa nie en het slegs 'n bakkie wat toegerus is met 'n vuurvegter.

Die Noodsentrum-gebou waar die brandweerstasie gehuisves was, is nou net 'n vervalle gebou wat geplunder is tot 'n geraamte.

Lena was jare 'n verpleegster by Heilbron se Hospitaal en het ook met skape geboer in die Vyandsvlei omgewing. Na haar aftrede het sy saam met haar seun, Hendrik, op die plot gebly. Hy was tydens die brand nie tuis nie. Heilbron SAPD ondersoek die ontstaan van die brand en word daar gewag op uitslag na forensiese toetse.




PIET POOLS & THATCH

| | |
|---|---|
| 4mx3m pool & 5mx3m lapa | R 55 000 |
| 5mx3m pool & 5mx3m lapa | R 62 000 |
| 6mx4m pool & 5mx3m lapa | R 69 000 |
| 7mx4m pool & 6mx4m lapa | R 86 000 |
| 8mx4m pool & 6mx4m lapa | R 98 000 |
| 9mx4m pool & 7mx4m lapa | R 115 000 |

072 896 7095 · pietpoolsandlapa@gmail.com

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451





BKB
The Trusted Name of Agriculture
Die Betroubare Name van Landbou
www.bkb.co.za

POSTNET 2 DOOR
FROM OUR STORE TO ANY STREET ADDRESS
058 853 0006
064 988 6078
heilbron@postnet.co.za
POSTNET HEILBRON










# LEERSAME HOKKIE-KLINIEK

Hoërskool Heilbron se Hokkie-meisies van 2022 het op 22 Maart 'n spanbou hokkieklinkiek bygewoon wat aangebied was deur Cemón Snyman.
Die meisies het dit baie geniet, weer lekker saam ge-oefen en in die proses baie geleer. Cemón verduidelik dat kommunikasie en vertroue tussen die meisies soveel verbeter het, aangesien hulle vir twee jaar lank nie as 'n span kon speel nie. Daar is ook nou heelwat nuwe spelers in die span.
Die dag was afgesluit met die leer van die span-kreed en 'n yskoue *Slush Puppy*. Die jong dames het dit terdeë geniet, en sien uit na die seisoen wat voorlê.




# HOËRSKOOL HEILBRON BRANDFORT TOER

Die 0/13 Netbal en Rugby toer van Hoërskool Heilbron het hierdie jaar in Brandfort plaasgevind vanaf 16-18 Maart. Dit was 'n waardevolle byeenkoms vir die ontwikkeling van die jong spelers en 'n goeie leerskool, nie net vir die kinders nie, maar ook vir die afrigters. Die verskeidenheid skole het teen mekaar meegeding en was dit lekker vir spelers, afrigters, aanbieders en toeskouers om saam met mekaar in die geleentheid te kon deel. "Ons maak definitief volgende jaar weer so!" was die algehele terugvoer.



# REGULASIES VERSLAP

President Cyril Ramaphosa het op Dinsdag, 22 Maart 2022 aangekondig dat die dra van gesigsmaskers in die buitelug voortaan nie meer verpligtend sal wees nie, maar wel nog binnenshuis.

Volgens Ramaphosa is die land gereed om na 'n nuwe fase in die bestuur van die pandemie te beweeg.

Sekere van die Covid-19-regulasies sal ook verslap word, soos bespreek was tydens vergaderings met die Nasionale Koronavirus-bevelsraad, die President se Koördineringsraad en die kabinet.

Volgens die President is die pandemie nog ver van very, hoewel die lewe en die ekonomie stadig maar seker besig is om terug te keer na normaal.

Die land verkeer tans in Vlak 1 van die hantering van die pandemie.




Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
· VERVOERBANDE
· AWEGAARS
· STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
· WAENS
· GIFMENG TENKS
Herstelwerk
· AGRI IMPLEMENTE
· STROPER SLUIT PARTE
· ALGEMENE SWEISWERK
· TRAILER ONGELUK
HERSTELWERK
triangle
BRAKE & CLUTCH
Trailers: ONDERDELE & SEILE
· TREKKER & TROK
KOPPELAARS
WEWELER
HENRED FRUEHAUF
Bearings
· ALLE TIPE BEARINGS
· RATKASTE
· MOTORS
· SMEERMIDDELS
BEARINGS INTERNATIONAL
BMG
Hidrolies
· VOLLEDIGE SISTEME
· POMPE
· ALLE GROOTTE PYPE
· MULTI-SPIRAL PYPE
· CYLINDERS
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
Geregistreer
by
SABS
Jaco Swart:
082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za
Martin Swart:
082 389 7961 | martin@ejsm.co.za
Eddie Swart:
082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za
www.ejsm.co.za




# BRIEWE VAN ONS LESERS

## *Terrence Cunningham: Ek Groet 'n Grote*

Baie jare gelede, teen die einde van 1983, het 'n jong 'boeresoutie" 'n pos op 'n toe vaal Vrystaatse plattelandse dorpie aanvaar met 'n missie om dit uit te bou tot 'n modeldorp. Die man was Terry Cunningham en die dorpie Heilbron.

Terry het van meet af aan sy taak as hoof van die elektrisiteits- en tegniese afdeling met groot ywer aangepak en met groot onderskeiding verrig. Onder sy bekwame leiding is 'n program opgestel en aanvaar om weg te doen met uitgediende oorhoofse eletrisiteitsgeleidings en die vervanging daarvan met veel meer doeltreffende ondergrondse kabelgeleiers. Alhoewel die program nie afgehandel kon word voordat 'n oorgangsregering bestuur van die dorp oorgeneem het en dit gestaak het nie, pluk 'n groot deel van die dorp vandag nog die vrugte van sy vêrsiendheid in hierdie opsig.

Hy was ook instrumenteel betrokke by die inisiëring, beplanning en oprigting van 'n tweede elektriese hoofsubstasie vir Heilbron/Phiritona ten einde betyds voorsiening te maak vir die groot addisionele aanvraag wat met elektrifisering van Phiritona en Sandersville ontstaan het. In Sandersville, waar die Bestuurskomitee toe nog onder "voogskap" van Heilbron gestaan het, is byna elke huishouding van 'n elektriese aansluiting en meter voorsien met fondse wat hy ekstern vir die doel bekom het. Vandag nog, jare later, is Heilbron die dorp in Ngwathe wat sy maksimale aanvraag, soos met Eskom beding, die minste oorskry wat meebring dat boetes wat Eskom vir oorskryding daarvan hef steeds grootliks vermy kan word.

Terry het ook 'n lasbeheerstelsel vir Heilbron ontwerp en geimplimenteer. Dit was 'n gesofistikeerde rekenaarbeheerde stelsel waarmee waterverwarmers (geysers) en/of straatligte tydens piek aanvraagtye op korttermyn afgeskakel kon word om so die elektrisiteitsaanvraag vanaf Eskom in sulke tye te kon beperk wat groot kostebesparings vir die dorp te weeg gebring het. Heilbron was een van enkele klein dorpe wat oor so 'n gevorderde stelsel beskik het en hy verdien daarvoor ook 'n pluimpie.

Dan het Terry ook leiding geneem met die implimentering van die NOSA veiligheids program. Hierdie was opsigself 'n reuse taak wat alle afdelings van die munisipaliteit veiligheidsbewus moes maak. Van kantore tot werkswinkels en bedryfsplekke soos die waterwerke en rioolwerke moes 'n metamorfose ondergaan met die hooftema "dink veiligheid". Selfs voertuie was gereeld ge-inspekteer om padwaardigheid en veiligheid daarvan te monitor wat meegebring het dat voertuie behoorlik in stand gehou en gebruik was met gepaardgaande voordele vir die munisipaliteit en gevolglik ook die gemeenskap. Ook hier het Terry met onderskeiding in sy doelwit geslaag. Nie alleen het hy vir Heilbron verskeie kere 'n gesogte vyfster toekenning van NOSA verwerf nie, maar was Heilbron by geleentheid aangewys as die veiligste en beste klein munisipaliteit in die land.

Dit alles te danke aan die ywer van 'n man wat met 'n visie en 'n missie sy taak aangepak het en alles daarvoor gegee het. Toe sy vlerke uiteindelik geknip was, was Heilbron inderdaad 'n modeldorp en 'n leier op sy terrein. Waar Terrence nou na groener weivelde vertrek meen ek dat dit net gepas is om te onthou en onsself te herinner aan watter groot positiewe rol hy in sy dienstermyn Heilbron gespeel het.

Baie dankieTerry - Ek glo jy verdien 'n "Ek groet jou, ou Grote"

*· Raadslid Phillip van der Merwe.*

GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

# *Uit die pen:*



# WEEK 12 VAN 2022

Ek is verstom wanneer dit hier in ons geweste onder 25°C is. Die deursnee persoon het 'n dikkerige trui aan, sommiges gaan so ver om 'n serp en 'n mus aan te sit. (Of trek mens dit aan?)

Ek verstaan van koudkry. En nee, ek was nog nooit op die SANAI-basis nie, en ek weet nie of ek nog soontoe sou wou gaan nie. Eintlik is al die mense wat soontoe gaan gerat daarvoor, en dit is nie 'n koue wat jou vanuit nêrens bekruip nie. Amper soos in Europa: meeste winkels en huise het sentrale verhitting, en mense gebruik net jasse wanneer hulle van punt A na punte B beweeg.

Maar ek hou steeds nie van koudkry nie.

Hitte is relatief. Soms is dit so warm dat ek voel hoe die hare in my nek in stringetjies vasklou, maar dan skud ek dit net bietjie rond en siedaar: afgekoel. Of ek trek my swembroek aan en klim brr-brr in die swembad.

Maar op daardie Vrystaatse dorpie was daar letterlik net twee huise met swembaddens. Ek is seker dat mens daar slegs op 27 Desember en 4 Januarie kon swem. Die ander dae was maar effens koel. En ek swem net wanneer dit warm is.

Ek het reeds vroeër vertel van die eerste dag toe ek sneeu gesien het: ek was by 'n ander skool, en het die snaakserige sneeuvlokkies gesien neersif. Ek het die stoep op-en-af gehardloop en vir almal geskree: "Kom kyk die sneeu! Kom kyk die sneeu!"

Waarop iemand gevra het: "Het jy nog nooit sneeu gesien nie?"

Nee, ek het nie. Want waar ek grootgekom het, was daar nie sneeu nie.

Onlangs was ons in die groot stad van Rhodes. Ek gaan eendag daarvan vertel. Die ghrênd vrouens sou telkens oor die berge uitstaar met verlangende oë.

"Kan julle dink hoe lekker moet dit wees wanneer dit hier sneeu?" Tiffendell is mos op Rhodes se voorstoep.

"Ja, jinne!" en almal sou in dieselfde verwonderingswaardigheid verval. Met sulke ver-af uitdrukkings in hulle oë. Ek het net geril, dis al.

Ek het een vakansie 'n winterskool gereël. Gelukkig het ek nie al die klasse hoef aan te bied nie. Ek moes in die oggend die skoolgronde gaan oopsluit, so ook seker maak dat al die klasse oop is. Hierdie winterskole was aan die begin van Julie.

Wanneer ek om 07:00 die hek gaan oopsluit het, het die ys in kristalle by die slot afgehang. My hande was rooi in die middel van spierwit op die punte. Ek moes eers personeelkamer toe hol om dit in warm water te gaan hou.

Sommige kinders was gewoond aan die koue, en het sommer met kortbroek klas toe gekom. Nie ek nie: ek het soos Cassimir van ouds gelyk met my dikste baadjie en warm serp. Soms sommer twee paar kouse ook.

Dit het smeek en pleit gekos om te vra dat die faktotum die sentrale verhitting moes aansit. Daar was een of ander probleem daarmee: smaak my die steenkool moes van 'n bepaalde grootte gewees het, en dit was moeilik om daardie grootte steenkool op te spoor. Ek het al aangebied om hulle te help soek daarna, maar my aanbod is jaar na jaar afgekeur. So het ons maar al bewende deur die winter gegaan.

Een Vrydagnag begin dit hewig sneeu. Ek weet nie of jy dit al ervaar het nie: dit word doodstil buitekant. Die voëltjies kwetter nie, die krieke maak geen geluid nie en die veld is stil. Die son kruip natuurlik ook weg. Totdat jy iewers wakkerskrik en die gordyne wegtrek: die spierwit landskap wat sterk so ver as wat jy kan sien.

Ek word die Saterdagoggend wakker van 'n gegiggel voor my woonstel se voordeur. Ek staan op, wikkel my skaapwolpantoffels aan, en gooi my dik baadjie oor my skouers. Ek ruk die voordeur oop.

Verkeerde keuse.

Kaplaks! Tref 'n sneeubol my vol in die gesig met twee sewentienjarige meisies wat laggend weghardloop. Regtig, julle? Dis nie hoe ek beplan het om wakker te word nie.

Wanneer dit gesneeu het, is al die toegangsroetes tot ons dorpie toegemaak, so ook die skool. Ons het dan op die skoolgronde 'n sneeuman gebou en mekaar met sneeuballe gegooi. Soms het diegene wat waaghalsig was, op die sneeu gaan lê en sneeuskoenlappers gemaak.

Daarna kon ons huis toe gaan. Ek het gewoonlik 'n groot vuur in my vuurherd gemaak, baie Milo gedrink en onder 'n kombers op die rusbank gaan lê en boek lees.

'n Goeie vriend het sy kar in my garage gebêre. Een aand, toe dit al begin sneeu het, stuur hy vir my 'n sms.

"Kersvader se koets het geland. Iets op jou enjinkap."

Ek maak die garagedeur oop en loer op my kar se enjinkap. 'n Groot blok groen Aero pryk op die enjinkap. Die lekkerste lekker ooit. Ek sien die straaltjie water wat vanaf die ander garage na my kar toe loop.

Ek loer om die hoek.

Buurman se silwer kar lyk toe regtig soos Kersvader se koets: dit is met sneeu bedek, seker so 10 cm dik. Soos wat hy gestop het, het die massa sneeu begin afgly en op die garagevloer beland.

Ek wou eers die besem gryp en begin vee (my man noem my al die "Goeie Vee") om van die sneeu ontslae te raak, maar besluit net daar en dan dat ek eerder verder wou lees.

Sneeu is mooi, toegegee. Maar sneeu is koud. Punt. Dis baie koud. Uitroepteken.

Toe die vrouens so oor Rhodes se berge uitstaar en sê: "Kan julle dink hoe lekker moet dit wees wanneer dit hier sneeu?" wou ek dit uitskree: Sneeu is koud en nat. As jy dit een keer gesien het, is dit genoeg. As jy een keer papnat en koud in die sneeu moes stap, is dit meer as genoeg.

Julle kan maar vir die sneeu wag. Ek gaan solank 'n vuur aanpak, melk kook vir Milo en 'n lekker dik boek uitsoek. En dan op my rusbank, onder 'n kombers, opkrul.

# POSTNET HEILBRON

## CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

**Buy-a-Bale**
Make Your Own Cash!

Imported European Quality second hand Coats
overcoats.co.za

**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**

Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769


**Call SYDNEY now!**
072 885 1999

sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za

WE DELIVER COUNTRY WIDE

**OVERCOATS**

## 30% Discount on all 2022 Diaries
while stock lasts



Herald
Office National
058 852 3033

# DIENSTE SMALLS

## BLOEDSKENK DATUMS - 2022

Give blood save life

- 24 Mei
- 26 Julie
- 27 September
- 29 November

**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

Muller Draaiwerke

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Lida** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

## SCHOOL TERMS

School open 5.4.2022
School close 24.4.2022
School open 19.7.2022
School close 30.9.2022
School open 11.10.2022
School close 14.12.2022

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Lida Pretorius*
Tel: 058 852 3033

**SOEK HUIS IN HEILBRON**

**Kontank koper. Geen agente.**

*Sel No.: 083 661 0149 of 072 644 1400*
R

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**




Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

# OPPAD NA IERLAND

## Heilbron-Rugby-Trots!

Die volgende twee leerlinge van Bethlehem Voortrekker Hoërskool is ingesluit in die oorsese toergroep na Ierland wat plaasvind vanaf 28 September - 7 Oktober 2022.
Veels geluk aan Lourens Roux, seun van Luttig en Tania Roux en Wessel Hattingh Jnr., seun van Wessel en Joanne-Mari Hattingh, beide ouerpare vanuit die Heilbron omgewing.



*Op die foto: Wessel Hattingh Jnr.*



*Op die foto: Lourens Roux*

# HUPPEL TRIPPEL KLUB HOU WORSBRAAI



Aan die voorkant van Huis Bron van Heil pak die Huppel Trippel Klub stoele uit en kuier heerlik saam in die lieflike hefrsdae wat deesdae geniet word. Die Klub het Dinsdagoggend boerewors gebraai en behoorlik weggelê aan die heerlikste boerewors-brakke. Terwyl almal angstig gewag het vir die wors om gaar te word, het hul baie lekker gelag oor al die kindertyd-herinneringe wat gedeel was. Dit was behoorlik iets van alles, van die gediggies wat hul moes opsê wanneer kuiergaste kom kuier het, tot skelm rook en bangmaakstories waarmee die grootmense mens gedreig het wanneer jy as kind stout was.

Op 5 April DV het Die Huppel Trippel Klub 'n saamsing-oggend met Anél wat hul gaan begelei. Seniors wat in die dorp woon, is welkom om elke tweede Dinsdagoggend saam met almal te gaan kuier by Huis Bron van Heil.

## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 16 Maart '22 | 23 Maart '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 10 186 | 10 220 |
| | Deneysville | 838 | 838 |
| | Oranjeville | 244 | 244 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7517 | 7528 |
| | Viljoenskroon | 1137 | 1137 |
| | Steynsrus | 199 | 204 |
| NGWATHE | Parys | 2933 | 2934 |
| | Heilbron | 1473 | 1474 |
| | Koppies | 1353 | 1353 |
| | Edenville | 206 | 207 |
| | Vredefort | 395 | 395 |
| MAFUBE | Frankfort | 1834 | 1839 |
| | Villiers | 647 | 649 |
| | Cornelia | 162 | 162 |
| | Tweeling | 379 | 379 |
| TOTAL | | 29 503 | 29 563 |

# HEILBRON SKENK BLOED




Die bloedskenkdag in Heilbron op Dinsdag, 22 Maart was suksesvol. Die doelwit was 70 eenhede bloed en is daar 66 eenhede ingesamel waarvoor hul groot waardering toon.

Heilbron Herald was teenwoordig en het gevind dat skenkers een na die ander opgedaag het, dit was op daardie tydstip besonder besig.

Die Bloedskenk-span vanaf Kroonstad besoek Heilbron weer op Dinsdag, 29 Maart vanaf 11:00 tot 17:00 en sal by Heilbron SPAR teenwoordig wees.




*Op die foto regs: Matobiana Mnguni*



# BEK-EN-KLOUSEER UITBRAAK

## Noordwes loop deur

'n Uitbreking van bek-en-klouseer is in Noordwes, honderde kilometer buite die rooilyngebied, geïdentifiseer. Dit terwyl die gevreesde veesiekte vandeesmaand weer in die Vhembe-distrik in Limpopo kop uitgesteek het met nog twee gebiede in KwaZulu-Natal wat nou ook deur die siekte geraak word.

Die department van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het Dinsdag 'n geval van Bek-en-klouseer by 'n kommersiële stoettery in Noordwes bevestig. Die beesplaas is na bewering tussen Potchefsgtroom en Ventersdorp geleë.

"Die provinsiale veeartsenydienste het epidemiologiese ondersoeke gedoen na aanleiding van verslae en 'n positiewe laboratoriumresultaat het die diagnose bevestig", sê die department in 'n verklaring.

Die plaas en naburige plase sal nou onder kwarantyn geplaas word terwyl daar verder ondersoek ingestel sal word om die omvang van die uitbreking te bepaal.

Die department sê die uitbreking is heel waarskynlik te wyte aan die oorspoeling van 'n uitbreking in die aangrensende bek-en-klouseer-beskermingsone, wat in Maart 2021 opgespoor is. Dit ten spyte daarvan dat die beweging van gesplete hoefdiere in die beskermingsone beperk word, om te verhoed dat hulle na die gebied beweeg waar geen bek-en-klouseer aangeteken is nie.


DUPNO Trading
SPAAR met al jou graanhantering & wateropbergings oplossings
Ryno: 073 268 7565
Keith: 083 280 9943
Tanya: 083 975 8264
Opsie 1
150 Ton Graandam + Kopseil
R21 000
Opsie 2
Hidroles/Elektries 9m 40T awegaar met Staander
R27 800
Opsie 3
2x Graandamme met Kopseile PLUS 1x Awegaar
R69 500
Opsie 4
3.5m Tapse Bak
R28 600
Opsie 5
6.5m Mobiele Bin
R170 000
Pryse sluit BTW en aflewering uit


POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006




Saleh's
motor spares
hardware & electrical
HEILBRON | FRANKFORT | REITZ
wynn's
FERODO
GUD
Payen
BOSCH
Stockists of various Shell oils
SPECIAL OFFER
SAFELINE & ATE BRAKE PADS
FORD RANGER
ISUZU DTEC
HILUX D4D
HILUX GD6
R595.00 per set
DUNLOP
NGK
ram
Shell
49 LANGMARK STREET
OPPOSITE STAR SLAGHUIS
084 422 1172
OFFER VALID UNTIL 13 AUGUST


EIENDOMME TE KOOP GEVRA
JH
EST. 2016
JANSEN PROKUREURS
EIENDOMME
Tel: 058 852 2816 | Sel: 081 737 4691
E-pos: lit@jansenprokureurs.co.za
PIERCE STR 58 | POSBUS 890 | HEILBRON | 9650


MORE THAN JUST
Herald
Office National
For all your print & Stationery needs
Contact us
058 852 3033
www.herald.officenational.co.za


Connect to OPENSERVE FIBRE and get
FREE
UNCAPPED
INTERNET
For 30 Days
30 Days FREE Uncapped Internet
Enjoy a FREE fibre experience before you sign up with an internet service provider
FREE WiFi enabled device including set up*
Free WiFi enabled ONT so there is no need for a router
FREE Installation
Our techy is equipped and ready to connect your home NOW
Once you've experienced high-speed Fibre connectivity you won't want to stop. With our best Fibre deals, you won't have to!
You will be contacted by an internet service provider before the FREE 30 Days end, to help you stay connected.
How?
1 Download the Openserve Connect App
2 Check your coverage
3 Order your FREE internet service
Scan here for more information
openserve
T&Cs apply. Visit www.openserve.co.za for more information

HERALD Sport

# FISHERMEN MUST JOIN IN

Good day Heilbron residents, there are three Phiritona residents who have the passion for fishing. They've started a Fishing Club (HEILBRON ANGLING CLUB). These guys are willing to be joined by more anglers, especially whites for accommodating different cultures. Details of taking this Fishing Club to the next level with more new members are as follows: Date and time: 02 April 2022, 13H00. Venue: Heilbron Library. For more information, contact the following persons - Mr Andries Motsieloa 068 1954 610, Mr Petrus Motaung 078 9493 519 or Whatsapp 073 4712 750



# MOENIE DIE POT MIS NIE

Die huidige weerstoestande is perfek vir gholf speel en die baan is tans in 'n uitstekende toestand.

Saterdag is dit weer gewone spel vanaf 10:30 en sal daar ook vleispryse op die spel wees.

Die weeklikse geldpot staan nou by die R 60 000 en is weer oorgedra na die "Joker" wat nog nie getrek is nie. Die trekking word weer vanaand om 19:00 gedoen.

Die ligaspan wat nog nie vanjaar kon wen nie sal moet uithaal en wys op 9 April wanneer die liga plaaslik aangebied gaan word. Die jaarlikse APK gholfdag vind vanjaar op 23 April plaas.

# ROLBAL AAN DIE KOOK!

Saterdag, 19 Maart 2022 is die Valsrivier Veterane Enkels Kampioenskappe gehou te Vredefort. Ses van ons veteraan spelers het deelgeneem nl: Lieb en Carine Kriek, JC en Dolly Pretorius en Koos en Magda Bierman.

Die kompetisie was taai. Magda Bierman en Dolly Pretorius dring deur na die volgende ronde, die Noord-Vrystaat Kampioenskappe wat te Behlehem gehou gaan word. Heilbron Rolbalklub is besig om 'n goeie grondslag te bou uit al die nuwe lede wat aangesluit het by die klub, hulle hou dan ook ons naam hoog met hulle deelname aan die kompetisies. Hier moet ons dan ook vir Dolly Pretorius uitsonder wat in die finaal gespeel het by die Valsrivier Kompetisie. Woensdag aande se sosiale spel met 'n braai daarna, gaan nog steeds aan solank die weer dit toelaat. Daar is ook op Vrydag 18 Maart afskeid geneem van 2 jarelange rolbalspelers. Terry en Antoinette Cunningham verhuis na Pretoria. Hulle was 6 jaar lank betrokke by die rolbalklub, waar Terry ook vir ses maande waargeneem het as president.

Almal by die klub wens ook voorspoed en sterkte toe vir Christiaan Muller. Hy verteenwoordig NFS O/20 in Bloemfontein volgende week, 28 Maart - 1 April 2022.



*Op die foto bo: Dollie Pretorius*



*Op die foto bo: Magda Bierman*

# RIEMLAND JAGTERVERENIGING JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 09 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 23 APRIL | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 7 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 21 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 4 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 09 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 28 MAART 2022**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 29 MAART 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAN: BERTUS VAN WYK & NICOLAI VAN DEN BOSCH
11:00, plaas Leiden/veilingskrale
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 30 MAART 2022**

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**DONDERDAG - 31 MAART 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 058 813 1071

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**VRYDAG - 1 APRIL 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

GRIEPSPUITE NOU BESKIKBAAR BY PLATTELAND APTEEK

063 721 4950 T 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Street, Wentworth Square, Heilbron

